



PASIËNT INLIGTINGSBROSJURE

ANAFILAKSE

Anafilakse is 'n skielike en ernstige allergiese reaksie wat lewensgevaarlik kan wees.

- Dit moet as 'n noodgeval hanteer word, en pasiënte wat anafilakse het of die risiko loop om anafilakse te ontwikkel, moet weet hoe die risiko verminder kan word, deur blootstelling aan dinge met die potensiaal om daartoe aanleiding kan gee, te vermy, weet hoe om vroeë tekens te herken en te eniger tyd voorbereid wees op noodbehandeling.

FAKTORE WAT DAARTOE AANLEIDING GEE

Algemene faktore wat aanleiding gee tot anafilakse sluit in:

- **Voedselsoorte**

Eiers, melk, grondbone, neute, vis, skulpvis, sesamesaad, soja en koring is die mees algemene voedselsoorte wat anafilakse kan veroorsaak. Enige voedsel kan egter tot anafilakse aanleiding gee.

- **Insekbyte**

In Suid-Afrika is byegif die mees algemene oorsaak van anafilakse wat as gevolg van insekbyte voorkom.

- **Medikasie**

Enige medikasie kan allergieë veroorsaak. Meer algemene oorsake kan antibiotika, pynmedikasie en medisyne wat tydens narkose gebruik word, insluit.

- **Ander**

Lateks-allergie is minder algemeen.

Sommige mense toon slegs anafilakse wanneer 2 faktore wat daartoe aanleiding gee, teenwoordig is, byvoorbeeld spesifieke voedsel tesame met oefening.

Sommige mense ondervind anafilakse sonder dat enige oorsaak geïdentifiseer word.

SIMPTOME VAN ANAFILAKSE

- Simptome van anafilakse toon gewoonlik vinnig, binne 15 minute tot 1 uur na blootstelling aan enige allergeen, soms selfs vinniger. Die vinnige ontwikkeling en verergering van anafilakse maak dit 'n baie gevaarlike toestand.
- Dit is belangrik dat mense beseft dat die voorkoms van anafilakse vanaf 'n ligte veluitslag en swelling in die gesig tot lewensbedreigende asemhalingsprobleme en aantasting van die hart kan wissel.
- Velmanifestasie, wat veral prikkel, rooiheid, jeukerigheid, veluitslag en plaaslike swelling, veral in die gesig insluit, is algemeen.
- Buiksimptome sluit krampe, naarheid, braking en diarree in.
- Anafilakse is veral lewensbedreigend wanneer dit die asemhalingsstelsel en die hart aantast.
- Aantasting van die asemhalingsstelsel kan boonste lugwegswelling van die tong, die agterkant van die keel, die area van die stembande of die larinks insluit. Dit kan moontlik met 'n hees stem en 'n aanhoudende droë hoes begin, en dan ontwikkel in 'n toegetrekte keel wat dit moeilik maak om asem te haal. Die lugweë van die longe mag ook aangetas word, wat tot 'n toegetrekte bors en aamborstigheid kan lei.
- Simptome wat die hart en sirkulasiestelsel insluit is baie ernstig en sluit 'n skielike daling van bloeddruk, ongereguleerde hartritme en algemene ineenstorting in.

WAT GEBEUR TYDENS ANAFILAKSE?

- Dit is nie altyd voor die hand liggend waarom sekere mense 'n allergie vir bepaalde voedsel, gifstowwe of medisyne (Antigene) ontwikkel nie.
- Wat wel bekend is, is dat 'n spesiale groep teenliggame wat as IgE bekend staan, deur mense met allergieë geproduseer word, en dit vorm 'n samestelling met daardie spesifieke allergeen.
- Hierdie teenliggame herken die allergene en bind met hulle, wat lei tot die vrystelling van baie kragtige chemiese stowwe wat ooreenstem met histamine vanaf sekere selle in die liggaam.
- Hierdie chemiese stowwe lei tot die simptome van anafilakse.

- Die liggaam se natuurlike reaksie op anafilakse is om 'n natuurlike chemiese stof van die liggaam, genaamd adrenalin, vry te stel. Adrenalin, die veg of vlug chemiese stof, is die natuurlike teenmiddel teen die anafilaktiese reaksie.
- Adrenalin:
Verminder die swelling in die lugweë.
Stimuleer die hart se sirkulasie na noodsaaklik organe.

BEHANDELING VAN ANAFILAKSE

- Anafilakse kan voorkom en behandel word.
- Dit is baie beter om die faktore wat dit veroorsaak te identifiseer en te vermy, eerder as om 'n anafilaktiese reaksie te behandel.
- Anafilakse moet vroegtydig herken word en vinnig behandel word, voordat dit vererger.
- Bel vir 'n ambulans:
Munisipale: 10177
ER24: 084 124
Netcare: 911: 082 911
- Die mees effektiewe behandeling vir die ernstige uitwerking van anafilakse is adrenalin. Sodra anafilakse voorkom moet adrenalin so vinnig as moontlik in die spier ingespuut word. Indien iemand 'n noodinspuiting by hulle het, moet hulle gehelp word om dit toe te dien of iemand kan dit toedien, in die groot spier van hulle bobeen.
- Probeer om skok te voorkom deur die persoon te laat lê, met die voete van die grond af gelig.
- Moenie enige medikasie per mond toedien nie, aangesien die persoon dit moeilik vind om asem te haal. Ander behandeling wat na die toediening van adrenalin kan help, sluit antihistamine en steroïde in.

Adrenalin wat vir anafilakse toegedien word, red lewens en staak die gevaarlike uitwerking van anafilakse vinnig. In sommige gevalle mag dit moontlik wees om te verseker dat die pasiënt se lugweg oop bly, deur suurstof toe te dien, en die sirkulasiestelsel en bloeddruk fyn dop te hou.

VOORKOM ANAFILAKSE!

- Om anafilakse te voorkom, moet mense wat 'n reaksie toon, die faktore wat daartoe aanleiding gee, identifiseer, en toekomstige blootstelling vermy.
- 'n Opgeleide allergie-kenner kan 'n pasiënte se geskiedenis ondersoek, allergietoetse uitvoer en soms spesifieke toetse onder gekontroleerde toestande uitvoer.
- Mense met die risiko om anafilakse te ondervind, moet geleer word om die vroeë tekens van anafilakse onmiddellik te herken. Hulle moet van 'n noodaksieplan voorsien word, wat die tekens van 'n ligte-gematigde aanval teenoor 'n ernstige anafilaktiese aanval beskryf, en geleer word wat die regte reaksie tydens beide moontlikhede is.
- Mense met 'n groot kans om anafilakse op te doen moet 'n *Medic Alert* plaatjie dra wat hulle identifiseer as iemand wat moontlik anafilakse kan opdoen, en ook besonderhede gee omtrent die unieke faktore wat daartoe aanleiding mag gee.
- Pasiënte moet ten alle tye noodbehandeling saam met hulle dra en weet hoe om hulleself tydens 'n ernstige aanval met adrenalien in te spuit.

ADRENALIEN

- In jou dokter se spreekkamer of in die Ongevalle Afdeling van 'n hospitaal word adrenalien met 'n inspuiting en naald toegedien.
- Nie-mediese persone soos ouers of onderwysers wat nie opgelei is om 'n spuit te gebruik nie, kan adrenalien met behulp van 'n outomatiese inspuitingstoestel toedien.
- Die toestel moet eenvoudig teen die buitenste bokant van die bobeen gedruk word, en adrenalien sal outomaties in die persoon ingespuut word.

Die enigste outo-inspouter wat tans in Suid-Afrika beskikbaar is, is die Epipen®. Epipen® is beskikbaar in 2 sterktes, Epipen® junior vir kinders tussen 8 en 25 kg en Epipen® vir volwassenes en kinders wat meer as 25 kg weeg. Groot volwassenes mag 2 Epipenne® benodig.

- Indien Epipen® nie beskikbaar is nie, moet pasiënte 'n buisie adrenalien en 'n naald in 'n veilige houer saamdra en hulle sal indringende opleiding benodig om te leer hoe hulle in 'n noodgeval die korrekte dosis (0.01ml/kg) moet optrek en aan hulself moet toedien.

KINDERS EN ANAFILAKSE

- Kinders moet geleer word om voedsel waarvoor hulle allergies is, altyd te vermy.
- Die skool behoort 'n afskrif van die aksieplan te hê, die adrenalien noodgeval Epipen® of noodstel moet altyd by die kind wees wanneer hulle by die skool is, en onderwysers moet volledig ingelig wees omtrent hierdie risiko's en opgelei wees om die adrenalien toe te dien, indien daar 'n noodgeval ontstaan.
- Waar skole leerders het wat allergies is vir 'n spesifieke voedselsoort, vernaam grondbone, mag dit wys wees om te verbied dat daardie spesifieke voedselsoort deur ander leerders na die skool gebring word.

SLEUTELPUNTE

Dit is belangrik om met jou dokter in verbinding te tree indien jy ooit 'n anafilaktiese episode beleef het. Die korrekte diagnose moet vasgestel word en die dokter sal 'n aksieplan saamstel, 'n aansoekvorm vir 'n *Medic Alert* armband invul, die nodige opleiding voorsien en 'n outomatiese adrenalieninspuit of adrenalien noodstel vir noodgevalle voorskryf.

- Anafilakse is die ernstigste vorm van 'n skielike en lewensbedreigende allergiese reaksie.
- Voedsel, insekgif, antibiotika en sommige ander medikasie is die vernaamste oorsake van anafilakse.
- Adrenalien is die vernaamste behandeling vir anafilakse.
- Adrenalien kan met behulp van 'n inspuiting toegedien word.
- Die Epipen® is 'n toestel wat ontwerp is vir anafilakse noodgevalle en word deur hoë risiko mense gebruik deurdat die adrenalien outomaties ingespuut word.
- Antihistamine kan nie die gevaarlike komplikasies van anafilakse omswaai nie en moet slegs gebruik word nadat adrenalien ingespuut is.

OUTEURSREG: ALLERGIE-GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

2013



Vertaling deur CIPLA geborg